



Gemeentenuus

19 April 2026

Hierdie week in die Gemeente

Spes. Deurkollekte: Rampfonds

- 08:20 Jeugdiens: Kerk
Ds. Danie Murray
- 10:15 Erediens: Kerk
Ds. Danie Murray
- 10:15 Erediens: Huis Stilbaai
Ds. Schalk Kotzé

Spesiale Deurkollekte:

Hierdie week se Spesiale Deurkollekte word opgeneem vir ons Rampfonds.

Indien u 'n bydrae wil maak kan u dit per EFT of Snapscan oorbetal.

Merk asb. u bydrae:
"Rampfonds"



PROGRAM VIR DIE WEEK

MAANDAG: 20 APRIL

17:00 Kooroefening by die kerk

WOENSDAG: 22 APRIL

10:00 Voorbidding by die kerk
17:30 Leef Logos Bybelskool by die kerk

Volgende week

Spes. Deurkollekte: Studiefonds

- 09:30 Erediens: Jongensfontein
Ds. Schalk Kotzé
- 10:15 Erediens: Kerk
Prop. Deona Aucamp
- 10:15 Erediens: Huis Stilbaai
Ds. Paul du Toit

LERAARS: **SPREEKKAMER**

Ds. Francois Taljaard sal hierdie week by die spreekkamer aan diens wees.

Indien u 'n afspraak wil maak, skakel ons gerus by die kerkkantoor by (028) 754 1705 of stuur 'n Whatsapp boodskap na 072) 043-6057.

LERAARS: **DAGBOEKE**

Ons leraars se dagboeke word deur die kerkkantoor bestuur.

Indien u 'n besoek deur 'n leraar benodig of weet van iemand wat nodig het dat die leraar hulle moet besoek, skakel gerus vir Tersia by die kerkkantoor om 'n afspraak te reël.

BEDIENING VIR GETUIENIS EN DIENS: **DS. DANIE MURRAY BESOEK ONS GEMEENTE**

Ds. Danie Murray, een van die sendelinge wat deur ons gemeente ondersteun word, kom besoek ons gemeente op **Sondag, 19 April 2026** en hy sal dan ook albei die eredienste die oggend waarneem in die kerk.

Hy gaan gereeld na Noord-Mosambiek om die gemeentes daar by te staan en opleiding te doen. Hier volg uittreksels uit sy korrespondensie:

"Ons kom vroeg weg uit Milange en ek en Ds Carlos bespreek talle uitdagings van die kerk en bid saam terwyl ons met die bakkie sukkel oor die sleg verspoelde pad. Ons val vas in 'n diep modderpoel. Na 'n lang gesukkel, help 'n paar kerkklimate sowel as Moslems ons uit.

Die eerste kerkie se ouderling is onlangs oorlede en die gemeentetjie sukkel met hulle ou tradisies, Moslems en afwesige geestelike leiding. Daar is ook baie kinders wat geestelike opvoeding benodig. Die Paasboodskap van Jesus se dood en opstanding is vir hulle wonderlike nuus te midde van hulle baie tradisionele vrese.

By die volgende gemeentetjie is daar 'n gesprek oor van die Kategismus vroe soos byvoorbeeld oor vergifnis. 'n Vrou vra: "Hoe kan ek God ken?" en dit lok baie gesprek uit. Ook soekende vroe oor huwelik en moeilike verhoudings bring hulle uit by God se goedheid en sy verhouding met ons.

By die Gile Cricane gemeente bring die Here hulle weer terug na die begrip van 'n intieme verhouding met Hom. Een van die moeilikste begrippe wat moet deurbreek is dat geloof ook vir die mense van Mosambiek bedoel is. Daar is 'n diep bewustheid van hulle gebrokenheid. Toe ek vra of hulle vergifnis wil ontvang en 'n nuwe verhouding met God wil begin, het ses mense na vore gekom. Die hele

gemeente het hulle vreugde gedeel van die aanvaarding deur God die Vader.

Kom ons onthou hierdie geestelike jong gemeentes in ons gebede."

BASAAR-KOÖRDINEERDER

Ons benodig **DRINGEND** 'n persoon wat die koördinerings sal oorneem van ons Basaar in Oktober.

Indien u enigsins geroepe voel vir hierdie taak, kontak gerus vir Tersia by die Kerkkantoor by 028-754 1705 vir meer inligting.



LIDMAATSKAP- SERTIFIKATE



Die volgende lidmate se lidmaatsertifikate het na ons gemeente oorgekom:

Gerhard en Soneka Zerwick,
asook dooplidmaat Karli, van
Oesterlaan 17, het oorgekom vanaf
Skuilkrans gemeente.

Mieta Hamman van Fynboswoonstel 7,
Fynbos Leefstyl Landgoed, het oorgekom
vanaf Goodwood gemeente.

Tanya Naudé asook dooplidmate Roxy en
De Wet Naudé, van Kajuitlaan 41,
Jongensfontein, het oorgekom vanaf
Wellington gemeente.

Dirk en Marianne Jansen van Vuuren van
Deiningstraat 8, het oorgekom vanaf
Welgemoed gemeente.

Gert en Martjie Jordaan van Oosstraat 45,
het oorgekom vanaf
Aberdeen gemeente.

Baie welkom aan julle.

**Indien u van adres of
persoonlike inligting verander
het, kontak asb. die
kerkkantoor sodat ons u
inligting kan updateer.**

BEDIENING VIR GETUIENIS EN DIENS VERWELKOM ERNST TOERIEN



Kom ontmoet vir Ernst Toerien wat tans 'n sendeling in Myanmar is. Hy is een van die sendelinge wat deur ons gemeente ondersteun word. Ernst en sy gesin is tans in Suid-Afrika en ons het gereël dat hy ons gemeente besoek vanaf 27 - 30 April 2026. Gedurende hierdie tyd sal hy beskikbaar wees vir besoeke aan groepe soos Bybelstudie-, Sel-, Omgee- en Kleingroepe.

As jy of jou groep meer oor Ernst se werk wil weet, kontak gerus vir André Mathee by 082 804 8571 en reël dat Ernst jou groep kom besoek.

AFKONDIGINGS

Indien dit vir u moeilik is om ons Gemeentenuus elektronies te lees of te ontvang, is u meer as welkom om weekliks 'n harde kopië by die Kerkkantoor te kom afhaal. Die Gemeentenuus is reeds vanaf die **Vrydag** vóór die Sondag gereed vir afhaal.

SAKKIE VIR 'N PAKKIE

Badisa, in samewerking met 'n omgegroepe van die N.G. Kerk Stilbaai, het die *Sakkie vir 'n Pakkie Kosprojek* 'n hele paar jaar gelede begin.

Hierdie projek werk so:

In die voorportaal van die kerk, kerkkantoor en by Badisa se kantoor in Melkboomstraat, sal u sakkies vind. U neem 'n sakkie. Binne-in die sakkie is 'n papiertjie met die name van slegs een of twee items. U gaan koop die items, plaas dit in die sakkie en bring die sakkie terug na die kerk, Kerkkantoor, OK Grocer of Badisa, waar u dit in die beskikbare mandjies plaas. Indien u eerder 'n geldelike bydrae wil maak, kan u dit by Badisa self inbetaal. Kospakkies word opgemaak vir behoeftige gesinne. Dit is 'n baie verdienstelike projek en ons het elkeen van u se hulp dringend nodig.



Leraars Besonderhede:

Ds Francois Taljaard, tel. 061) 460-6404 (Kloof & Platbos)
Ds Vian Louw, tel. 074) 131-7967 (Almal 50 jaar & jonger)
Ds Mauritz Heyneman, tel. 071) 159-9525 (Suidsee & Oewer (Stilbaai Oos en Plase Oos))
Ds Schalk Kotzé, tel. 083) 655-7930 (Hawe & Jftn)
Prop. Deona Aucamp, tel. 082) 470-8144 (Brug & Rivier)

Bank Besonderhede

Nedbank
Rek. Naam:
N.G. Kerk Stilbaai
Rek. Nr. 1626-522-391
Takkode: 198-765

Kerkkantoor Inligting

Pastoriestraat 15, Stilbaai, 6674
Posbus 23, Stilbaai, 6674
Tel nr. (028) 754-1705
Faks nr. (028) 754-2827
Epos: lydiaheyns@ngkstilbaai.co.za
admin@ngkstilbaai.co.za

EERLIKHEIDSTAFEL

Benodig items!!!

Ons items is op die oomblik **baie** min en daarom vra ons dat u asb. bruikbare items, waarvan u dalk ontslae wil raak, vir hierdie deurlopende fondsinsamelingsprojek sal skenk. **GEEN** CD's asb.

U is welkom om dit gedurende kantoorure by die Kerkkantoor af te gee.

Almal is baie welkom om **Maandae tot Vrydae vanaf 09:00 - 12:00**

lekker te kom snuffel en te koop in die binnehof by die kerk.



Met Leedwese



Ons harte gaan uit na die familie en vriende van

Piet Hugo

wat oorlede is. Ons bid die Here se krag en vertroosting oor hul familie in hierdie baie moeilike en hartseer tyd.